

PROVINSIALE EKSAMEN

NOVEMBER 2022

GRAAD 11

**REKENINGKUNDE
(VRAESTEL 2)**

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

13 bladsye + 1 formule bladsy en 'n antwoordboek van 11 bladsye

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word voorsien waarin ALLE vrae beantwoord moet word.
3. 'n Formuleblad vir die finansiële aanwysers word voorsien aan die agterkant van die vraestel. Jy kan dit gebruik indien nodig.
4. Wys ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Waar van toepassing, rond af tot die naaste rand. Alle ander berekenings moet tot EEN desimaalpunt afgerond word.
6. Lees die instruksies van elke vraag sorgvuldig deur en volg dit noukeurig.
7. Leerders sal punte verbeur vir:
 - Die gebruik van nie-gestandaardiseerde afkortings
 - Oorskryf van syfers of woorde
 - Oorbodige/vreemde items
8. Jy mag 'n nie-geprogrameerbare sakrekenaar gebruik.
9. Jy mag blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
10. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer die vraestel beantwoord word. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYD IN MINUTE
1	Versoenings	40	32 minute
2	Koste Rekeningkunde	40	32 minute
3	BTW en Voorraadstelsels	30	24 minute
4	Kontantbegroting en Geprojekteerde Inkomstestaat	40	32 minute
	TOTAAL	150	120 minute

VRAAG 1: VERSOENINGS**(40 punte; 32 minute)****MAMBA HANDELAARS****BANKVERSOENINGS**

Mamba Handelaars het 'n nuwe boekhouer aangestel wat sukkel om 'n Bankversoeningstaat vir Junie 2022 op te stel.

GEVRA:**1.1 KONSEPTE**

Kies die korrekte woord/e wat by die stelling hieronder sal inpas. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK.

wesenlikheid; omsigtigheid; debiet; krediet; KOJ; KBJ debietkaart; kredietkaart; laste; bate

(5)

1.1.1 'n _____ saldo op die Bankstaat is 'n ongunstige saldo.

1.1.2 Rente gekrediteer op die Bankstaat word aangeteken in die _____.

1.1.3 Diensgelde en OTM depositofooie is bymekaar getel en aangeteken as bankkoste volgens die _____ konsep.

1.1.4 'n _____ word gebruik om goedere en dienste van verskaffers te koop en die bedrag word op 'n latere stadium aan die bank terugbetaal.

1.1.5 'n Ongunstige saldo in die bank word in die _____ kant van die besigheid se boeke aangeteken.

1.2 Gebruik die volgende inligting wat geneem is uit die rekeningkundige rekords van Mamba Handelaars.**GEVRA:**

1.2.1 Bereken die korrekte totale van die Kontantontvangstejoernaal en die Kontantbetalingsjoernaal.

(10)

1.2.2 Berei die Bankversoeningstaat voor op 30 Junie 2022.

(8)

INLIGTING:

A Uittreksel uit die Bankversoeningstaat op 31 Mei 2022

	DT	KT
Saldo volgens Bankrekening	15 600	
Uitstaande deposito's	8 800	
Uitstaande EFO's Nr. 178	5 900	
Nr. 201	1 750	
Nr. 220	7 350	
Nr. 225	5 500	
Saldo volgens Bankstaat		27 300

B Die saldo op die Bankstaat op 30 Junie 2022 is R11 892 (gunstig).

C Die Kontantjoernale het die volgende totale op 30 Junie 2022, voordat die Bankversoeningstaat voltooi is:

KONTANTONTVANGSTES	R20 420
KONTANTBETALINGS	R29 070

D Die volgende items verskyn op die Bankstaat vir Junie 2022, maar nie in die Kontantjoernale vir Junie 2022 nie:

- EFO nommers 201 en 220
- Deposito van R8 800
- 'n Direkte deposito van R3 500 is deur die huurder gemaak vir huur vir Julie 2022.
- Bankkoste van R260
- 'n Debietkaartbetaling van R250 vir die koop van nuwe ruitveërs vir die voertuig
- Rente van R52 op die kredietsaldo.

E Die volgende items verskyn op die Kontantjoernale vir Junie 2022 maar nie op die Bankstaat nie.

- EFO nommer 250 vir skryfbehoeftes gekoop en EFO nommer 251 vir brandstof vir die eienaar se persoonlike voertuig van R2 300 en R1 700 onderskeidelik.
- 'n Uitstaande deposito van R750 van 'n kliënt.

F Die volgende foute is opgemerk tydens die voorbereiding van die Bankversoeningstaat vir Julie.

- EFO nommer 178 is verkeerdelik in die Kontantbetalingsjoernaal van Mei 2022 aangeteken. Die regte bedrag van R2 300 verskyn op die Bankstaat vir Junie 2022.
- EFO nommer 225 is verkeerd aangeteken in die Kontantbetalingsjoernaal vir Mei 2022. Die korrekte bedrag van R10 450 verskyn op die Bankstaat vir Junie 2022.

1.3 KREDITEUREVERSOENING

ADAMJEE FOODS

Adamjee Foods is 'n restaurant in Sandton, Gauteng. Dié besigheid maak voorsiening vir werkers in die omgewing en voorsien hulle van gesonde maaltye tydens tee- en middagetepouses. Adamjee Foods het 'n rekening by Kajee Meats waar hulle vleis koop.

GEVRA:

- 1.3.1 Gebruik die tabel wat verskaf word in jou ANTWOORDBOEK om die Krediteuregrootboek van Adamjee Foods te versoen met die staat wat aan die einde van April 2022 van Kajee Meats ontvang is.

Skryf slegs die bedrae in die toepaslike kolom met 'n plus (+) of (-) teken om 'n toename of afname in die saldo aan te dui.

Bereken die korrekte saldo/totale aan die einde van die maand. (13)

- 1.3.2 Kajee se boekhouer het hom aangeraai om op te hou om kontantbetalings van die besighede te aanvaar wat hy van vleis voorsien. Hy is aangeraai om te versoek dat alle betalings elektronies gedoen moet word deur die kliënte se nommers as verwysings te gebruik. Bespreek TWEE voordele van die gebruik van hierdie betaalmetode. (4)

INLIGTING:

- A Die saldo's op 30 April 2022 voor die voltooiing van die Krediteureversoening was soos volg.**

Adamjee Foods Krediteuregrootboek	R56 500
Rekeningstaat van Kajee Meats	R67 500

- B Foute en weglatings wat tydens die versoeningsproses ontdek is.**

- Die beginsaldo op 1 April 2022 in die Krediteuregrootboek van Adamjee Foods is aangeteken as R76 000 in plaas van R67 000.
- Voorraad ten bedrae van R2 500 wat deur Adamjee Foods teruggestuur is, is nie in die rekeningstaat van Kajee Meats aangeteken nie.
- 'n Faktuur van R11 000 wat deur Kajee Meats uitgereik is, is nie in die Krediteuregrootboek van Adamjee Foods aangeteken nie.
- Voorraad van R6 000 wat deur Akojee Foods teruggestuur is, is per ongeluk aangeteken as Adamjee Foods op die staat wat van Kajee Meats ontvang is.

- v 'n Kontant betaling van R5 000, van Adamjee Foods is nie opgeteken in die staat wat is vanaf Kajee Meats ontvang. Na ondersoek is ontdek dat Kajee Meats nie 'n kwitansieboek gehad het op die dag waarop die geld ontvang is nie, daarom is geen brondokument uitgereik nie. Daar word aanvaar dat Adamjee Foods reg was.
- vi Rente van R500 gehef deur Kajee Meats op die oortrokke rekening van Adamjee moet gekanselleer word aangesien die rekening betyds betaal is.
- vii 'n Faktuur vir R3 500 ontvang vanaf Kajee Meats was ingeskryf as 'n debietnota in die Krediteuregrootboek van Adamjee Foods.

40**VRAAG 2: KOSTE REKENINGKUNDE****(40 punte; 32 minute)****2.1 KONSEPTE**

Dui vir elke item hieronder die toepaslike kostekategorie uit die volgende opsies. Skryf slegs die woord/e langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.5) in die ANTWOORDBOEK.

Verkoop en verspreiding; Direkte materiaal; Fabrieksboekoste; Indirekte arbeid; Administrasie

- 2.1.1 Lone betaal aan die fabrieksvoorman
- 2.1.2 Advertensie
- 2.1.3 Kantoor telefoon
- 2.1.4 Materiaal gebruik om die finale produk te maak
- 2.1.5 Versekering betaal deur die fabriek (5)

2.2 FASHION JEANS VERVAARDIGERS

Jy word voorsien van die volgende inligting met betrekking tot Fashion Jeans Vervaardigers. Die finansiële jaar eindig elke jaar op 28 Februarie.

GEVRA:

Berei die volgende rekeninge voor in die Algemene Grootboek.

LET WEL: Daar word van jou verwag om alle rekeninge te balanseer.

- 2.2.1 Grondstofvoorraad (8)
- 2.2.2 Fabrieksboekoste (12)
- 2.2.3 Goedere-in-bewerking Voorraad (5)
- 2.2.4 Klaarprodukte Voorraad (3)

b.o.

INLIGTING:

A Die volgende saldo's het in die boeke van Fashion Jeans Vervaardigers verskyn.

	28 Februarie 2022	1 Maart 2021
Grondstof Voorraad	54 000	72 000
Verbruiksgoedere voorhande (indirekte materiaal)	3 800	7 000
Goedere-in-bewerking Voorraad	62 000	81 000
Klaarprodukte Voorraad	165 000	138 000

B Opsomming van die transaksies vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2022

Grondstof voorraad aangekoop vir kontant gedurende die jaar	850 000
Vraggeld op aankope van grondstof voorraad aangekoop	53 000
Doaneregte betaal	124 000
Advertensie betaal	55 000
Lone: Fabriekswerkers	763 000
Fabriek skoonmaker	72 000
Fabrieksvoorman se salaris	142 000
Huur betaal	320 000
Water en elektrisiteit betaal	28 000
Indirekte materiaal aangekoop	43 000
Diverse uitgawes betaal	17 400
Kantoorassistent se salaris vir die jaar	130 000
Kommissie betaal aan die verkoops personeel	100 000
Versekering betaal	42 000
Motorvoertuig uitgawes: Verkoop en verspreiding	25 200
Administrasie	56 000
Skryfbehoeftes en drukwerk betaal (alles administrasie)	11 000

C Addisionele inligting en aansuiwerings:

1. Grondstof voorraad wat R127 500 kos, en wat op krediet gekoop is van Alt Traders, 'n buitelandse maatskappy, is nie aangeteken nie. Doeaneregte van 15% op hierdie aankope wat betaal is, is nie aangeteken nie.
2. Huur en diverse uitgawes word geallokeer volgens die vloeroppervlakte wat gebruik word. Fabriek 80%, kantoor 5% en winkel 15%.
3. Versekering moet in die verhouding van 4:1:1 aan die fabriek-, verkoops- en verspreidings- en administratiewekoste onderskeidelik toegedeel word.
4. Water en elektrisiteit van R21 000 word in die fabriek gebruik. Die res word gelykop verdeel tussen die administrasie- en verkoopsdepartemente.

2.3 LITTLE ANGELS SPEELGOED VERVAARDIGERS

Little Angels Toy Vervaardigers vervaardig bromponies vir kleuters. Die onderstaande inligting is uit die rekeningkunde rekords vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2022 geneem.

GEVRA:

- 2.3.1 Verskaf berekeninge om te bewys dat die gelykbreekpunt 507 eenhede is vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022. (3)
- 2.3.2 Verduidelik deur syfers te gebruik, waarom die eienaar nie gelukkig met die gelykbreekpunt is nie. (2)
- 2.3.3 Die eienaar het plastiek uit Botswana ingevoer. Sy wil oorsakel na 'n plaaslike verskaffer wat plastiekmateriaal van 'n laer gehalte verskaf.

Stem jy saam of nie saam met haar besluit nie. Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

INLIGTING:

Die volgende inligting is onttrek uit die boeke van Little Angels Toy Vervaardigers.

Verkoops- en verspreidingskoste per eenheid	R860
Veranderlike koste per eenheid	R590
Vastekoste	R136 890
Aantal eenhede vervaardig en verkoop	480 eenhede
Gelyksbreekpunt	507 eenhede

VRAAG 3: BTW EN VOORRAADSTELSELS

(30 punte; 24 minute)

3.1 BTW

KAMA WINKELS

Jy word voorsien van 'n uittreksel uit die boeke van Kama Winkels, 'n geregistreerde BTW onderneming. Goedere is onderhewig aan 'n BTW koers van 15%.

GEVRA:

- 3.1.1 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Verduidelik die rede vir jou antwoord.

Alle goedere is onderhewig aan 'n BTW koers van 15% in Suid Afrika. (4)

- 3.1.2 Bereken die bedrae gemerk **A – D** in die onderstaande tabel. (4)

INLIGTING:

BTW uitgesluit	BTW ingesluit	BTW
A	R736 000	B
R4 600	C	
R890 000		D

3.2 VOORRAADSTELSELS

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs Waar of Onwaar langs die vraagnommers (3.2.1 tot 3.2.5) in jou ANTWOORDBOEK.

- 3.2.1 Vraggeld op verkope verhoog die waarde van handelsvoorraad wanneer die periodieke voorraadstelsel gebruik word.
- 3.2.2 Een voordeel van die deurlopende voorraadstelsel is dat veediefstal maklik opgespoor kan word.
- 3.2.3 Koste van verkope word aan die einde van 'n sekere tydperk in die deurlopende voorraadstelsel bereken.
- 3.2.4 Die periodieke voorraadstelsel word hoofsaaklik gebruik wanneer groot hoeveelhede hoëkoste-items verkoop word.
- 3.2.5 Die deurlopende voorraadstelsel is duur om te administreer. (5)

S. SMITH

- 3.3 Die onderstaande inligting wat verskaf word, hou verband met 'n besigheid wat deur S. Smith bestuur word wat skool sonhoede verkoop. Die besigheid gebruik die Periodieke Voorraadstelsel. Die finansiële jaar eindig op 30 September 2022.

GEVRA:

- 3.3.1 Bereken die koste van verkope vir die jaar geëindig 30 September 2022. Wys alle berekeninge. (12)
- 3.3.2 Bereken die omsetsnelheid van voorraad vir 2022. (5)

INLIGTING:

Saldos/Totale in Algemene Grootboek

	30 September 2022	1 Oktober 2021
Voorraad van skool sonhoede	?	34 000
Krediteurekontrole	96 000	103 000

Addisionele aansuiwerings wat nog nie in berekening gebring is nie:

- A. Skool sonhoede word op krediet aangekoop deur die besigheid.
- B. Die verskaffer vra R500 afleweringkoste per aflewering. 19 afsonderlike bestellings is gedurende die jaar gemaak en afgelewer.
- C. Krediteure is gedurende die boekjaar R424 570 betaal.
- D. Vier sonhoede met 'n kosprys van R80 elk is beskadig en is teruggestuur aan die verskaffer gedurende die finansiële jaar.
- E. Ou voorraad ten waarde van R12 000 is as 'n donasie aan die plaaslike weeshuis geskenk.
- F. Volgens die jaar einde fisiese voorraadopname, was 275 hoede met 'n kosprys van R90 elk voorhande.

VRAAG 4: KONTANTBEGROTINGS EN GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT (40 punte; 32 minute)

4.1 KONTANTBEGROTINGS EN GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT

JADEN WINKELS

Die volgende transaksies is geneem uit die rekords van Jaden Winkels vir die tydperk geëindig 31 Oktober 2022.

Voltooi die tabel in die ANTWOORDBOEK deur die bedrae in die toepaslike kolom/me in te vul.

(8)

Voorbeeld: Die skryfbehoeftrekening vir Oktober 2022, R5 870 is met 'n EFO betaal

Nr.	Bedrag in Kontantbegroting vir Oktober 2022		Bedrag in die Geprojekteerde Inkomstestaat vir Oktober 2022	
	ONTVANG	BETAAL	INKOMSTE	UITGAWES
Voorbeeld	0	R5 870	0	R5 870

Transaksies:

- 4.1.1 Totale waardevermindering op tasbare bates vir die finansiële jaar wat eindig op 31 Oktober 2022 bedra R15 870.
- 4.1.2 Kontantbetaling aan krediteure vir Oktober 2022 sal na verwagting R92 950 wees nadat korting van R3 260 vir vroeë betaling in ag geneem is.
- 4.1.3 'n Paalement van R8 580 op die lening sal na verwagting op 5 Oktober 2022 betaal word. R580 van hierdie bedrag is rente op lening.
- 4.1.4 Die verwagte kontantverkope vir Oktober 2022 is geraam op R134 960. Die winsopslag is 40% op kosprys.

4.2 KONTANTBEGROTING

TRYHARD WINKELS

Die inligting hieronder hou verband met Tryhard Winkels. Hul finansiële jaar eindig op 30 September 2022.

GEVRA:

- 4.2.1 Stel die Debiteure Invorderings Skedule op vir September en Oktober 2022. (10)
- 4.2.2 Bereken die ontbrekende bedrae wat deur die letters **A** tot **J** in die Kontantbegroting vir September en Oktober 2022 aangedui word. (22)

INLIGTING:

1. **Uittreksel uit die Kontantbegroting vir die periode September en Oktober 2022**

Kontantontvangste	September	Oktober
Kontant verkope	168 000	A
Invordering van debiteure	43 700	B
Huurinkomste	15 000	C
Kontantbetalings		
Kontant aankope	20 000	D
Betaling aan krediteure	29 100	E
Diverse uitgawes	F	6 000
Lening	10 000	--
Rente op lening (12%)	500	G
Salarisse	H	42 000
Onttrekkings	I	J

2. **Verkope en Aankope**

Maand	Krediet Verkope	Krediet Aankope
Augustus	57 000	27 000
September	?	30 000
Oktober	55 000	33 000
November	54 600	36 000

Let wel: Krediet verkope is 25% van die totale verkope.

3. Daar word van debiteure verwag om soos volg te betaal:
- 50% in die maand waarin die transaksie plaasvind onderhewig aan 5% korting
 - 30% in die maand wat volg op die transaksie maand
 - 15% in die tweede maand na die transaksie
 - 5% sal afgeskryf word as oninbare skuld in die derde maand

4. Huur sal op 1 Oktober verminder met 15% .

5. Krediet aankope is 60% van die totale aankope.

Krediteure word een maand na die aankope betaal en dan ontvang ons 3% korting.

6. Diverse uitgawes vermeerder met R800 elke maand.

7. **Saldo op 1 September 2022**

Lening: Big Bank	50 000
------------------	--------

8. 'n Deel van die lening sal op 30 September 2022 terugbetaal word.

9. Salarisse sal met 5% verhoog vanaf 1 Oktober 2022.

10. Eienaar beplan om R15 000 kontant per maand te onttrek vir persoonlike gebruik. Hy sal ook 'n addisionele R2 000 se skryfbehoeftes huis toe neem vir sy kinders in Oktober.

40

TOTAAL: 150

EINDE

FORMULEBLAD

$\frac{\text{Bruto Wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto Wins}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto Wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Totale Verdienste Deur Vennoot}}{\text{Gemiddelde Vennotebelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto Wins}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates: Bedryfslaste	Bedryfsbates – Voorraad: Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde Debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1} \text{ of } \frac{12}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde Krediteure}}{\text{Krediet aankope of Koste van Verkope}} \times \frac{365}{1} \text{ of } \frac{12}{1}$	
$\frac{\text{Gemiddelde Voorraad}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{365}{1} \text{ of } \frac{12}{1}$	$\frac{\text{Koste van Verkope}}{\text{Gemiddelde Voorraad}}$	
Nie Bedryfslaste: Vennotebelang	Totale bates: Totale laste	
$\frac{\text{Vaste Koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid} - \text{Veranderlike koste per eenheid}}$		



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PROVINSIALE EKSAMEN

NOVEMBER 2022

GRAAD 11

**REKENINGKUNDE
(VRAESTEL 2)**

ANTWOORDBOEK

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

11 bladsye

Naam van skool	
Naam van leerder	
Graad	
Datum	

Vraag	Onderwerp	Maksimum Punt	Punt Behaal	Gemodereerde Punt
1	Versoening	40		
2	Kosterekeningkunde	40		
3	BTW en Voorraadstelsel	30		
4	Kontantbegroting en Geprojekteerde Inkomstestaat	40		
Totaal		150		

VRAAG 1: VERSOENINGS

(40 punte; 32 minute)

1.1 Kies die korrekte woord/e wat by stelling hieronder sal inpas.

1.1.1		
1.1.2		
1.1.3		
1.1.4		
1.1.5		

5

1.2 1.2.1 Kontantontvangstejoernaal en Kontantbetalingsjoernaal vir Junie 2022

KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL	KONTANTBETALINGSJOERNAAL
20 420	29 070

10

1.2.2 Bankversoeningstaat van Mamba Handelaars op 30 Junie 2022

	Debiet	Krediet

8

1.3 1.3.1 Krediteureversoening van Adamjee Foods

Krediteureversoening op 31 Mei 2022

	Krediteuregrootboek van Adamjee Foods	Rekeningstaat van Kajee Meats
Saldo		
i		
ii		
iii		
iv		
v		
vi		
vii		
Totaal		

13

1.3.2	Kajee se boekhouer het hom aangeraai om op te hou om kontantbetalings te aanvaar van die besighede wat hy van vleis voorsien. Hy is aangeraai om te versoek dat alle betalings elektronies gedoen moet word deur die kliënte se nommers as verwysings te gebruik. Bespreek TWEE voordele van die gebruik van hierdie betaalmetode.	

4

40

VRAAG 2: KOSTEREKENINGKUNDE

(40 punte; 32 minute)

2.1

2.1.1	
2.1.2	
2.1.3	
2.1.4	
2.5.5	

5

2.2 ALGEMENE GROOTBOEK VAN FASHION JEANS VERVAARDIGERS

2.2.1 DT GRONDSTOF VOORRAAD REKENING B2 KT

8

2.2.2 DT FABRIEKSBOKOSTE REKENING N2 KT

2022	28	Voorman se salaris		142 000					
Feb		Indirekte arbeid		72 000					

12

2.2.3 DT GOEDERE-IN-BEWERKING VOORRAAD REKENING B3 KT

2021 Mrt	1	Saldo	o/b	81 000					

5

2.2.4 DT KLAARPRODUKTE VOORRAAD REKENING B5 KT

2021 Mrt	1	Saldo	a/b	138 000					

3

2.3 LITTLE ANGELS SPEELGOED VERVAARDIGERS

2.3.1	Verskaf berekeninge om te bewys dat die gelykbreekpunt 507 eenhede is vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022.	(3)
2.3.2	Verduidelik deur syfers te gebruik waarom die eienaar nie gelukkig met die gelykbreekpunt is nie.	(2)
2.3.3	Die eienaar het plastiek uit Botswana ingevoer. Sy wil oorskakel na 'n plaaslike verskaffer wat plastiekmateriaal van 'n laer gehalte verskaf. Stem jy saam of nie saam met haar besluit nie. Gee 'n rede vir jou antwoord.	(2)

VRAAG 3: BTW EN VOORRAADSTELSELS

(30 punte; 24 minute)

3.1 BTW

3.1.1	Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Verduidelik die rede vir jou antwoord. Alle goedere is onderhewig aan 'n BTW koers van 15% in Suid-Afrika.	
		(4)

3.1.2	<table border="1"> <tr> <td>A</td><td></td></tr> <tr> <td>B</td><td></td></tr> <tr> <td>C</td><td></td></tr> <tr> <td>D</td><td></td></tr> </table>	A		B		C		D	
A									
B									
C									
D									

4

3.2 VOORRAADSTELSELS

3.2.1	
3.2.2	
3.2.3	
3.2.4	
3.2.5	

5

3.3

3.3.1	Bereken die koste van verkope vir die jaar geëindig 30 September 2022. Wys alle berekeninge.	(12)										
	<table><tr><td>Begin Voorraad</td><td></td></tr><tr><td></td><td></td></tr><tr><td></td><td></td></tr><tr><td></td><td></td></tr><tr><td>Koste van Verkope</td><td></td></tr></table>	Begin Voorraad								Koste van Verkope		
Begin Voorraad												
Koste van Verkope												

3.3.2	Bereken die gemiddelde koers van voorraadomset vir 2022.	(4)

VRAAG 4: KONTANTBEGROTINGS EN GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT
(40 punte; 32 minute)

4.1

Nr.	Bedrag in Kontantbegroting vir Oktober 2022		Bedrag in die Geprojekteerde Inkomstestaat vir Oktober 2022	
	ONTVANG	BETAAL	INKOMSTE	UITGAWE
Voorbeeld	0	R5 870	0	R5 870
4.1.1				
4.1.2				
4.1.3				
4.1.4				

8

4.2 4.2.1 DEBITEUREINVORDERINGS SKEDULE VIR SEPTEMBER EN OKTOBER 2022

	Krediet Verkope	September	Oktober
Augustus	57 000		
September			
Oktober	55 000		
Debiteureinvorderings			

10

4.2.2 Bereken die ontbrekende bedrae wat deur die letters A tot J in die Kontantbegrotings vir September en Oktober 2022 aangedui word.

	Bewerkings	ANTWOORD
A		
B		
C		
D		
E		
F		
G		
H		
I		
J		

22

40

TOTAAL: 150

EINDE

PROVINSIALE EKSAMEN

NOVEMBER 2022

GRAAD 11

NASIENRIGLYNE

REKENINGKUNDE (VRAESTEL 2)

11 bladsye

Nasienbeginsels:

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item strafpunte vir misplaasde items nie). Geen dubbelpenalisering toepassing nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir daardie item verdien het.
3. Volpunte vir korrekte antwoorde. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat voorsien is.
4. Indien 'n vooraansuiweringssyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie).
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakies voorsien word nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir hierdie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie.
8. Bewerking beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. Nota: 'kontroleer bewerking' moet 'n +, -, x, ÷ of volgens memo wees.
9. 'Een deel korrek' beteken die bewerking en een deel is korrek. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word. Indien 'n getal 'n metodepunt verdien het, sal dit as 'een deel korrek' beskou word.
10. In berekeninge, moet nie punte vir bewerkings toegeken word nie indien noemer en deler omgeruil is. Dit is ook van toepassing op verhoudings.
11. Waar metodepunte toegeken word, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat gedeeltelik foutief is nie. In sulke gevalle, moet nie die metodepunt toeken nie. Dui deur middel van $\boxtimes$.
12. Wees bewus van party kandidate wat alternatiewe buite die memorandum verskaf.
13. Kodes: f = vreemde item; p = plasing / aanbieding.

VRAAG 1: VERSOENINGS**(40 punte; 32 minute)****1.1 Kies die korrekte woord/e wat by stelling hieronder sal inpas.**

1.1.1	debiet ✓	
1.1.2	KOJ ✓	
1.1.3	wensenlikheid ✓	
1.1.4	kredietkaart ✓	
1.1.5	laste ✓	

5

1.2 1.2.1 Kontantontvangstejoernaal en Kontantbetalingsjoernaal vir Junie 2022

KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL	KONTANTBETALINGSJOERNAAL
20 420	29 070
3 500 ✓	260 ✓
52 ✓	250 ✓
3 600 ✓✓	4 950 ✓✓
27 572 ✓	34 530 ✓

10

1.2.2 Bankversoeningstaat van Mamba Handelaars op 30 Junie 2022

	Debiet	Krediet
Kt Saldo volgens bankstaat		√ 11 892
Kt uitstaande deposito		√ 750
Dr uitstaande EFO's Nr: 250 √	√ 2 300	
Nr. 251 √	√ 1 700	
Dr saldo volgens bankrekening	√ ☒ 8 642	
	12 642	12 642

8

1.3 1.3.1 Krediteureversoening van Adamjee Foods

Krediteureversoening op 31 Mei 2022

	Krediteuregrootboek van Adamjee Foods	Rekeningstaat van Kajee Meats
Saldo	56 500 √	67 500 √
i	-9 000 √√	
ii		-2 500 √
iii	+11 000 √	
iv		+6 000 √
v		-5 000 √
vi		-500 √
vii	+7 000 √√ OF (3 500 + 3 500)	
Totaal Bewerking een deel korrek	65 500 ☒	65 500 ☒

13

1.3.2	Kajee se boekhouer het hom aangeraai om op te hou om kontantbetalings te aanvaar van die besighede wat hy van vleis voorsien. Hy is aangeraai om te versoek dat alle betalings elektronies gedoen moet word deur die kliënte se nommers as verwysings te gebruik. Bespreek TWEE voordele van die gebruik van hierdie betaalmetode.	
	- Die bankstaat kan as 'n brondokument gebruik word om alle geld wat ontvang is aan te teken. - Geld kan nie deur Kajee verloor/bestee/misplaas word terwyl hy goedere aflewer nie. - Kajee sal ook veiliger wees aangesien hy nie met groot hoeveelhede kontant in sy voertuig hoef rond te ry nie. Enige TWEE relevante antwoorde. ✓✓	

4

40

VRAAG 2: KOSTEREKENINGKUNDE

(40 punte; 32 minute)

2.1 KONSEPTE

2.1.1	Indirekte arbeid ✓ of Fabrieksboekoste
2.1.2	Verkoops- en verspreidingskoste ✓
2.1.3	Administrasie ✓
2.1.4	Direkte materiaal ✓
2.5.5	Fabrieksboekoste ✓

5

2.2 ALGEMENE GROOTBOEK VAN FASHION JEANS VERVAARDIGERS

2.2.1	DT	GRONDSTOF VOORRAAD REKENING B2						KT
2021 Mrt	1	Saldo	a/b	√ 72 000			Goedere-in- bewerking	☒ 1 191 625
		Bank		√ 850 000			Saldo	o/b √ 54 000
		Vraggeld		√ 53 000				
		Doeane (124 000 + 19 125)		√ ☒ 143 125				
		Krediteure- kontrole		√ 127 500				
				1 245 625				1 245 625
2022 Mrt	1	Saldo	a/b	54 000				

8

2.2.2		DT		FABRIEKSBOKOSTE REKENING N2				KT	
2022 Feb	28	Voorman se salaris		142 000	2022 Feb	28	Goedere-in-bewerking		☑ 579 120
		Indirekte arbeid		72 000					
		Indirekte Materiaal (7 000√ + 43 000√ – 3 800√)		☑ 46 200 een deel korrek					
		Fabriekshuur (320 000 x 0,8)		√√ 256 000					
		Diverse Uitgawes (17 400 x 0,8)		√√ 13 920					
		Versekering (42 000 x 4/6)		√√ 28 000					
		Water en Elektrisiteit		√ 21 000					
				579 120					579 120

12

2.2.3 DT GOEDERE-IN-BEWERKING VOORRAAD REKENING B3 KT

2021 Mrt	1	Saldo	a/b	81 000	2022 Feb	28	Klaarprodukte Voorraad		☒ 2 552 745
		Direkte Materiaalkoste	GJ	☒ 1 191 625			Saldo	o/b	√ 62 000
		Direkte Arbeidskoste	GJ	√ 763 000					
		Fabrieks-bokoste		☒ 579 120					
				2 614 745					2 614 745
2022 Mrt	1	Saldo	a/b	62 000					

05

2.2.4 DT KLAARPRODUKTE VOORRAAD REKENING B5 KT

2021 Mrt	1	Saldo	a/b	138 000	2022 Feb	28	Koste van verkope		☒ 2 525 745
2022 Feb	28	Goedere in bewerking	GJ	☒ 2 552 745			Saldo	o/b	√ 165 000
				2 690 745					2 690 745
2022 Mrt	1	Saldo	a/b	165 000					

3

2.3 LITTLE ANGELS SPEELGOED VERVAARDIGERS

2.3.1	Verskaf berekeninge om te bewys dat die gelykbreekpunt 507 eenhede is vir die jaar geëindig 28 Februarie 2022.	
	Totale Vaste koste Verkoopprijs per eenheid – Veranderlike koste per eenheid $= \frac{136\,890 \checkmark}{860 \checkmark - 590 \checkmark}$ $= \frac{136\,800}{270}$ = 507 eenhede	(3)
2.3.2	Verduidelik deur syfers te gebruik waarom die eienaar nie gelukkig met die gelykbreekpunt is nie.	
	Die besigheid se huidige produksie is 27 eenhede minder as die gelykbreekpunt. $\checkmark\checkmark$ Die besigheid ly 'n verlies van R7 290.	(2)
2.3.3	Die eienaar het plastiek uit Botswana ingevoer. Sy wil oorskakel na 'n plaaslike verskaffer wat plastiekmateriaal van 'n laer gehalte verskaf.	
	Stem jy saam of nie saam met haar besluit nie. Gee 'n rede vir jou antwoord. Stem nie saam nie $\checkmark$ • Kwaliteit van die produk sal nie dieselfde wees nie. • Die klante mag nie bewus wees van die goedkoper kwaliteit materiaal nie. • Sy sal klante verloor as die kwaliteit van die finale produk swak is. • Sy kan in regsgedinge betrokke raak as daar ongelukke is as gevolg van die swak gehalte produk. Enige EEN toepaslike antwoord. $\checkmark$	(2)

VRAAG 3: BTW EN VOORRAADSTELSELS

(30 punte; 24 minute)

3.1 BTW

3.1.1	Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Verduidelik die rede vir jou antwoord. Alle goedere is onderhewig aan 'n BTW koers van 15% in Suid-Afrika.	
	Onwaar ✓ Sommige van die items is onderhewig aan BTW teen die standaard koers – BTW word gehef teen 15%. ✓ Ander is 0-koers items – 0% BTW gehef. ✓ Onder goedere is vrygestel – Geen BTW word gehef nie. ✓	(4)

3.1.2	<table border="1"> <tr> <td>A</td><td>✓ 640 000</td></tr> <tr> <td>B</td><td>✓ 96 000</td></tr> <tr> <td>C</td><td>✓ 5 290</td></tr> <tr> <td>D</td><td>✓ 133 500</td></tr> </table>	A	✓ 640 000	B	✓ 96 000	C	✓ 5 290	D	✓ 133 500
A	✓ 640 000								
B	✓ 96 000								
C	✓ 5 290								
D	✓ 133 500								

4

3.2

3.2.1	Onwaar ✓
3.2.2	Waar ✓
3.2.3	Onwaar ✓
3.2.4	Onwaar ✓
3.2.5	Waar ✓

5

3.3

3.3.1	Bereken die koste van verkope vir die jaar geëindig 30 September 2022. Wys alle berekeninge.											
	<table><tr><td>Begin Voorraad</td><td>√ 34 000</td></tr><tr><td>Aankope (424 570√ + 96 000√ – 103 000√ – 12 000√ – 320√) Bewerking een deel korrek</td><td>☑ 405 250</td></tr><tr><td>Vraggeld op aankope (500 x 19)</td><td>√√ 9 500</td></tr><tr><td>Slot Voorraad (275 x 90)</td><td>√√ (24 750)</td></tr><tr><td>Koste van Verkope Bewerking een deel korrek</td><td>☑ 424 000</td></tr></table>	Begin Voorraad	√ 34 000	Aankope (424 570√ + 96 000√ – 103 000√ – 12 000√ – 320√) Bewerking een deel korrek	☑ 405 250	Vraggeld op aankope (500 x 19)	√√ 9 500	Slot Voorraad (275 x 90)	√√ (24 750)	Koste van Verkope Bewerking een deel korrek	☑ 424 000	(12)
Begin Voorraad	√ 34 000											
Aankope (424 570√ + 96 000√ – 103 000√ – 12 000√ – 320√) Bewerking een deel korrek	☑ 405 250											
Vraggeld op aankope (500 x 19)	√√ 9 500											
Slot Voorraad (275 x 90)	√√ (24 750)											
Koste van Verkope Bewerking een deel korrek	☑ 424 000											

3.3.2	Bereken die gemiddelde koers van voorraadomset vir 2022.	
	$\frac{\text{Koste van Verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$ $= \frac{424\,000\sqrt{}}{\sqrt{\frac{1}{2}}(34\,000\sqrt{+}24\,750\sqrt{})}$ $= \frac{424\,000}{29\,375}$ $= 14,4 \text{ keer } \input checked="" type="checkbox"/> \text{ Bewerking een deel korrek}$	(5)

VRAAG 4: KONTANTBEGROTINGS EN GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT

(40 punte; 32 minute)

4.1

Nr.	Bedrag in Kontantbegroting vir Oktober 2022		Bedrag in die Geprojekteerde Inkomstestaat vir Oktober 2022	
	ONTVANG	BETAAL	INKOMSTE	UITGAWE
Voorbeeld	0	R5 870	0	R5 870
4.1.1				√ 15 870
4.1.2		√ 92 950	√ 3 260	
4.1.3		√ 8 580		√ 580
4.1.4	√ 134 960		√ 134 960 Aanvaar 38 560 vir 2 punte	√ 96 400

8

4.2

4.2.1 DEBITEUREINVORDERINGS SKEDULE VIR SEPTEMBER EN OKTOBER 2022

	Krediet Verkope	September	Oktober
Augustus	57 000	√ 17 100	√ 8 550
September	√√ 56 000	☒ √ 26 600 Krediet verkope x 50% x 95%	☒ 16 800 Krediet verkope x 30%
Oktober	55 000		26 125
November	√ 54 600		
Debiteureinvorderings	Bewerking een deel korrek	☒ 43 700	☒ 51 475

10

4.2.2 Bereken die ontbrekende bedrae wat deur die letters A tot J in die Kontantbegrotings vir September en Oktober 2022 aangedui word.

	Bewerkings	Antwoord
A	$55\,000 \sqrt{\times \frac{75}{25} \sqrt{}}$ Bewerking een deel korrek	☒ $\sqrt{165\,000}$
B	Sien 4.2.1	☒ 51 475
C	$15\,000 \times 85\%$	$\sqrt{\sqrt{12\,750}}$
D	$33\,000 \sqrt{\times \frac{40}{60} \sqrt{}}$ Bewerking een deel korrek	☒ 22 000
E	$30\,000 \times 97\%$	$\sqrt{\sqrt{29\,100}}$
F	$6\,000 - 800$	$\sqrt{5\,200}$
G	$40\,000 \sqrt{\times 12\% = 4\,800 \sqrt{\times \frac{1}{12} \sqrt{}}}$ Bewerking een deel korrek	☒ 400
H	$42\,000 \sqrt{\times \frac{100}{105} \sqrt{}}$ Bewerking een deel korrek	$\sqrt{\sqrt{40\,000}}$
I		$\sqrt{15\,000}$
J		$\sqrt{15\,000}$

22

40

TOTAAL: 150